# 2 Junie 2023 - Lesing 38 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

Amos 3:7

*Want My Meester JaHWeH **doen niks** tensy Hy die besluit van Sy Raad aan Sy knegte, die Profete, geopenbaar het nie.*

Johannes 16:13

*Maar wanneer Sy gekom het, die Gees van die Waarheid, sal Sy julle in die hele Waarheid lei; want Sy sal nie uit Haarself spreek nie, maar alles wat Sy hoor, sal Sy spreek **en die toekomstige dinge aan julle verkondig.***

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Getuienisse van sieners en profete aan die eindtyd **–** 5/10/57

**No: 6936** Verneem wat die Gees vanuit God aan julle verkondig: Die profete en sieners is deur My Self gekies, omdat daar op hulle 'n groot en gewigtige opdrag rus. Hulle moet die mense kennis gee van die komende wêreldoordeel en hulle vermaan om hulle daarop voor te berei. Hierdie sieners en profete spreek nie uit hulself nie**, maar gee slegs deur wat My Gees aan hulle bekendmaak**. Ek kom dus as te ware in 'n regstreekse uiting van Myself na julle, maar tog moet Ek My bedien van 'n bemiddelaar om julle mense nie onvry te maak in julle denke en handeling nie.

Julle kan dit dus glo, maar word nie daartoe gedwing nie. Julle sal dit wel glo as julle die profetiese taak van die bemiddelaars aanvaar. Julle sal dit egter afwys as julle aan hul taak twyfel. Maar Ek wil dit vir julle mense maklik maak om hulle te glo. Ek sal hul sending duidelik laat blyk deurdat Ek die verkondigde veranderinge wat die oordeel voorafgaan, laat gebeur.

En Ek sal ook daarvoor sorg dat hierdie aankondiginge verspreiding vind, sodat vele mense daarvan kennis sal neem en ook die bevestiging daarvan sal ondervind, omdat alles sal gebeur soos Ek dit vooraf laat verkondig het deur sieners en profete.

Wel het Ek toe Ek op aarde gewandel het, steeds die mense gewaarsku teen valse christusse en valse profete en Ek het dikwels daarop gewys, **dat ook die afgesante van My teenstander hul wanorde sal versprei.** En Ek waarsku nou weer die mense om nie in hulle vangnette te beland nie en geen geloof aan sy intriges te skenk nie. Want hy is druk doenig en probeer deur buitengewone prestasies, deur wonderwerke van materiële aard, in die mense die geloof te wek dat hier kragte van die hemele aan die werk is.

Maar juis sy buitengewone aktiwiteite in die tyd van die einde vereis ook My teenwerking, wat daarin bestaan om middele aan te wend wat die swakke geloof weer kan opwek, of die verlore geloof weer terug te wen. En dit kan egter nie anders geskied as **deur die reine waarheid te bring wat vloei uit die Bron van waarheid**, wat egter deur bemiddelaars tot julle mense moet kom, omdat julle dit nie self kan ontvang nie.

So openbaar Ek dus aan die mense wat komende is. En wie Ek kies om bemiddelaar te wees tussen My en julle mense, die kan julle ook aanvaar as ware profete en in hul woorde glo.

En Ek is ook bereid om julle 'n bewys te gee dat hulle spreek in My opdrag om aan julle die komende aan te kondig, want Ek sal al spoedig die eerste aankondigings waar maak. Want die vernaamste amp van hierdie sieners en profete is die aankondiging van die aanstaande einde, wat vir julle mense van baie groot betekenis is, **sodat julle hiervoor voorbereid moet wees.** En tog sal julle nog uitstel gegee word wat lank genoeg kan wees om julle siele van die verderf te red.

En daarom sal Ek nie lank meer talm nie, Ek sal die sending van My sieners en profete bevestig. Ek sal die daad laat volg op hul aankondigings. **Maar Ek sal vóór die einde, die aarde nog laat bewe en Myself in herinnering bring by alle mense deur 'n natuurverskynsel,** wat deur My wil steeds weer aangekondig word. Want Ek Self gee My bemiddelaars die opdrag daartoe en hulle moet dus slegs as My werktuie en verteenwoordigers op aarde spreek, hulle moet in My plek die mense waarsku en vermaan.

Julle mag julleself nie veilig waan teenoor die gebeurtenisse wat getuig van 'n hoër Mag nie, julle moet dit vrees en glo dat My Woord waarheid is. Dat Ek Self daardeur spreek en gespreek het en dat julle ook met sekerheid 'n uiterste moeilike tyd tegemoet gaan as My genade julle nie voortydig wegroep nie.

Julle staan voor 'n keerpunt in die tyd en julle word aangeraai om volgens hierdie sekerheid te lewe, steeds met die oog op 'n skielike einde. Maar geen mens hoef die einde te vrees **wat bewustelik aan homself werk en meer aan sy siel dink as aan sy liggaam nie,** want hy sal niks verloor nie, maar slegs wen. Amein.